LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

07-12-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 41 VIR 2016

1 **BAIE DANKIE:**

Ons wil graag vir elke ouer baie dankie sê vir hierdie afgelope jaar. Dit was verseker nie sonder uitdagings nie, maar dankie vir elkeen se gesindheid, betrokkenheid en hulp. Dankie dat u help om ons waardes en visie uit te leef om van ons skool 'n sukses te maak. U is elkeen 'n ware groen-bloed Ouer!

2 **SKOOLREëLS:**

Ons versoek ons ouers om asb die skoolreëls in gedagte te hou wanneer u die kinders te hare sny of kleur vir die vakansie. Hulle moet asb almal weer reg wees vir Januarie 2017.

3 **OUERDAG**:

Onthou ons Ouerdag is op Saterdag, 14 Januarie 2017 om 09:30 op die pawiljoene.
Die spreker is Dr Johan Smith en daarna sal ouers na al die verskillende graad-klasse beweeg.

4 **PERSONEEL**:

Geen versoeke vir klasplasings sal hanteer word nie. Ons het in elke graad by elke vak kundige personeellede, dus sal geen uitsondering gemaak word nie

5 **DATUMS VIR 2017:**

Skool begin vir leerders	11 Januarie
Leiers Inhuldigingsfunksie	11 Januarie om 18:00 in die skoolsaal
Ouerdag	14 Januarie om 09:30 op die rugbyveld
Huissport	16 Januarie - tuis
Atletiek:	
Fonteine	20 Januarie 2017 - weg
Christiaan Beyers	26 Januarie 2017 - tuis
Van Riebeeckpark	31 Januarie 2017 - tuis
Vryheidsmonument	2 Februarie 2017 - weg
Leierskamp	*3-5 Februarie - Mondoro*
Heidelberg Kampioenskappe	13-18 Februarie 2017
D7	21 Februarie 2017

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF